Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 21 no 1
Desember 2011/
Januarie 2012

- Elkeen persoonlik 2
- Kerknuus – Debat in Totiusdal 4
- Satellietnavigasie 6
- Evangelisasie in ons daaglikse lewe (2) 9
- Die Lofsang van Maria 12
- NG-kerk oor die Rubicon? 13
- Reaksie: Oorwinning deur die Heilige Gees 16

KERSFEES: Fees van die Woord wat Vlees geword het

"Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon" is nie slegs 'n teks vir Kersfees nie. Dit is 'n teks vir al die heilsmomente wat die kerk van die Nuwe Testament mag vier: Kersfees, Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart en Pinksterfees. Die een fees is nie belangriker as die ander fees nie. Dit vorm 'n eenheid van gebeure wat God oor 'n tydperk van ongeveer 33 jaar bewerkstellig het. Hierdie tydperk is reeds eeue daarvóór deur God self belowe, van die moederbelofte in Genesis tot die beloftes rondom die geboorte van Johannes die Doper. As ons dus Kersfees vier, doen ons dit in volle samehang met die ander feeste. Dit maak die feesvierings van die Christelike kerk so ryk, so allesomvattend. Ek is nie beperk tot die fees van die geboorte van die kindjie Jesus nie. Ek mag die een groot fees van alle eeue vier: die Woord het Vlees geword en by ons as mense kom woon. Die grootste wonder ooit!

Hoekom word Christus hier die Woord genoem? Die Woord dui hier op die ewige wysheid en wil van God, sy Raadsplan: die verwesenliking van God se heilsgedagtes. Die wysheid van God word realiteit. Die Woord was van die begin af by God en die Woord was God. Hierdie geheim verstaan ons nie altyd mooi nie. Tog mag ons hier gelowig vir Johannes naspreek: Christus die Wysheid van God. Hy was van die grondlegging van die wêreld daar. Alle dinge het deur Hom ontstaan.

Die Woord Christus het 'n mens geword. Ten volle mens, gebore uit 'n vrou. Dit wil sê 'n sterflike mens, 'n brose en verganklike mens soos ons (Ps 78:39). Soos gras is alle vlees (Jes 40:6). So het Christus geword. Volgens God se Raadsplan was dit die enigste wyse waarop die mens wat goed geskape is, weer verlos kon word: iemand moes kom wat soos ek is, maar tegelyk soos God (Sondag 6 van die Heidelbergse Kategismus).

Die Woord het onder ons kom woon vir 'n tydperk van 33 jaar. Die dissipels en ander gelowiges was ooggetuies daarvan. Dit het werklik gebeur! Dit is 'n historiese feit. Daarom is Kersfees nie 'n mooi sprokie of verhaaltjie soos sommige teoloë sê nie. Nee, dit is die herdenkingsfees van die begin van die ampswerk van die ewige Seun van God. Halleluja!

Prof Hans Boon

ELKEEN PERSOONLIK

Esegiël 18

Uit die Bybel

Agtergrond
Die ballinge in Babilonië verkeer onder 'n ernstige wanindruk. Volgens hulle sal die Here Jerusalem nie verwoes nie. Jerusalem is immers die moederstad, dáár is die tempel van die Here, dáár woon Hy self! En dáárheen sal die Here hulle binnekort laat terugkeer – daarvan is hulle oortuig. Natuurlik, hulle sal nie ontken dat daar ernstige verval in die land is nie, hulle sal nie ontken dat goddeloosheid hoogty vier nie, maar daar is tog sekerlik nog regverdiges in die land oor? En God sal mos nie die stad verwoes terwyl daar nog regverdiges oor is nie… – dit is immers wat die Here aan Abraham belowe het in die geval van Sodom en Gomorra! Hierdie regverdiges kan mos 'n soort menslike skild vorm teen God se toorn?

Teen hierdie wanindruk voer Esegiël in hoofstuk 14 sy profesie, en hy doen dit op 'n baie besondere manier. Wie, vra hy, is die mees regverdige mense waaraan julle kan dink? Kom, noem hulle op. Dadelik kom drie persone in die gedagte op: Noag, Daniël en Job. Al drie hierdie persone is in die Bybel bekend vir hulle regverdigheid. Nou goed, sê Esegiël, veronderstel dat al drie van hulle gelyktydig in een land sou woon. Sou hulle gekombineerde regverdigheid God se straffende hand afweer en die land red? Nee! Hulle regverdigheid sal geen effek hê op God se oordeel oor die res van die sondige samelewing nie. Daar is geen soustrein vir die onregverdiges op die rûe van die regverdiges nie. Daar is geen gratis partytjie-kaartjies tot die verlossing nie. Jerusalem sál verwoes word, en die enigste hoop op verlossing is vir diegene wie se lewe bewys dat hulle regverdig is voor God.

In 'n vorige artikel in hierdie reeks oor Esegiël het ek vanuit Esegiël 3 gewys dat die Here aan ons die opdrag gee om oor mekaar te waak; ons word geroep om broeder-hoeders en suster-versorgers te wees. In hierdie artikel oor Esegiël 18 sien ons egter ook die ander kant van dieselfde muntstuk: hoewel die Here wagters aanstel, staan elkeen van ons uiteindelik persoonlik verantwoordelik voor God.

'n Onaanvaarbare gesegde
Daar was 'n gewilde spreekwoord in Israel: die vaders het groen druiwe geëet, en die tande van die

kinders het stomp geword. Groen druiwe dui hier op druiwe wat nog nie heeltemal ryp is nie. Maar wie eet nou onryp druiwe?! 'n Mens se mond trek sommer saam wanneer jy daaraan dink – suur en wrang. Maar in die Midde-Ooste het die mense vol verwagting uitgesien na hierdie eerste druiwe van die nuwe oes. Die smaak was inderdaad effens suur, maar juis by hierdie eerste druiwe is dit as verfrissend ervaar en hoog op prys gestel. Skynbaar was die neweeffek wel dat jou tande effens stroef gevoel het nadat jy hierdie vroeë, onryp druiwe geëet het, en waarskynlik is dít wat ons moet verstaan wanneer gesê word dat die tande van die kinders stomp geword het – dit het dus stroef geword. As ons steeds binne die vrugte-sfeer bly, kan ons die betekenis van hierdie spreekwoord soos volg saamvat: ons vaders het gesondig, en ons sit met die gebakte pere…

Die Here reageer in vers 3 baie fel op hierdie spreekwoord: "So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, dit sal julle nie meer in die gedagte kom om hierdie spreekwoord in Israel te gebruik nie." Maar was die volk nie dalk reg met hierdie spreekwoord nie? Dit wil immers voorkom asof sommige Skrifgedeeltes inderdaad op dié manier daaroor praat. Dink maar net aan die tweede gebod van die Here se wet: "die Here is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat." Is dít nie presies wat die ballinge besig was om te ondervind nie?

Ons moet egter goed verstaan wat hier in die tweede gebod en soortgelyke Skrifgedeeltes bedoel word. In die tweede gebod gaan dit oor ***die effek***, ***die uitwerking***, wat die ernstige sondes van een generasie in 'n familie het op die generasies direk daarna. As ouers afwyk van die lewe met die Here en 'n godde-

lose lewe begin lei, dan sal sulke afval ongetwyfeld hul kinders en kleinkinders affekteer. Dit beteken nie dat God die kinders stráf vir sondes wat hulle nie gedoen het nie. Maar wat dit wel beteken, is dat geen mens geïsoleerd is in wat hy doen nie. Jou aksies het 'n onvermydelike effek op ander.

Maar daarteenoor staan baie duidelik dat, in Israel se wetgewing, die howe verbied is om kinders te straf vir oortredings wat deur hulle ouers begaan is, of andersom. Lees maar Deuteronomium 24:16: "Die vaders mag nie vir die kinders, en die kinders mag nie vir die vaders gedood word nie; elkeen moet vir sy eie sonde gedood word." En ons sien in 'n opmerklike voorval in 2 Konings 14:5 en 6 hoe hierdie wet konkreet gefunksioneer het; ons lees daar: "En sodra die koningskap in die hand van Amasia bevestig was, het hy sy dienaars, die moordenaars van sy vader, omgebring. Maar die kinders van die moordenaars het hy nie laat doodmaak nie, soos geskrywe is in die wetboek van Moses…", en dan volg 'n letterlike aanhaling van hierdie wet uit Deuteronomium 24. Hierdie wet van persoonlike verantwoordelikheid voor die reg was 'n fundamentele beginsel wat alle hofsake in Israel bepaal het.

Nou, hierdie beginsel wat in Israel se wetgewing opgeneem is, was gebaseer op God se reg. Die wetgewing in Israel het gesê: "elkeen moet vir sy eie sonde gedood word"; Esegiël sê in sy profesie oor God se reg eintlik presies dieselfde: "die siel wat sondig, dié moet sterwe" (vers 4b). En dan maak hy dit vervolgens konkreet deur middel van die voorbeeld van die drie generasies in verse 5-18: in die eerste plek lees ons daar van 'n regverdige vader – hy sal deur sy regverdigheid lewe (verse 5-9); vervolgens is daar egter ook sy goddelose seun, wat vanweë sy eie goddeloosheid sal sterwe (verse 10-13); maar ten slotte is daar ook nog die vroom kleinseun, wat vanweë sy vroomheid sal lewe (verse 14-18). Dus, die siel van die regverdige sal lewe, maar die siel van die goddelose sal sterwe. As dit gaan oor die lewe en die dood voor God se aangesig, is dit voorwaar elkeen vir homself.

En juis daarom is die Here so verontwaardig oor die ballinge se gebruik van die gewilde spreekwoord. Want daarmee verontskuldig hulle hulself, verklaar hulle hulself onskuldig, en lê hulle in werklikheid die skuld by die Here, asof Hy hulle onregverdig gestraf het. En dan sê die Here: "Nee! As Ek julle gestraf het, dan is dit nie vanweë jul familie-verbintenisse nie, maar dan is dit omdat julle uit ***vrye wil*** die sondes van die ouers herhaal en laat voortbestaan. As Ek jou straf, dan verdien jy dit!"

Reg vanaf die sondeval sien ons hierdie tendens by die mens om die blaam na iemand anders, en uiteindelik na God, te verskuif. Dink maar aan Adam in Genesis 3: "Dit is die vrou se skuld, die vrou wat U my gegee het…" Enige iets om maar net nie persoonlike verantwoordelikheid te neem nie. Want as ek nie verantwoordelik is nie, dan is die skuld iemand anders s'n, en dan is ek die *slagoffer* van dit wat my getref het. Hoewel hierdie mentaliteit vanaf die sondeval bestaan, is dit in ons tyd besonder lewendig. Die oorsaak van moeites en probleme word in ons tydsgees altyd êrens anders gesoek. Ons lê die skuld vir ons persoonlike en kollektiewe sondes voor die deur van ons genetika, of van die omgewing waarin ons woon of werk of grootgeword het, of van die regering se mislukkings, of van die internasionale markte, of van sielkundige spanning, of enige iets anders wat ver genoeg van onsself af staan.

Sulke blaam-verskuiwingstaktiek was en is onaanvaarbaar vir God. Elke generasie en elke individu moet verantwoordelikheid neem vir sy eie dade. Elke generasie en elke individu moet besef dat, binne God se reg, dit slegs die goddelose is wat onder sy oordeel staan, nie die regverdige nie. En dit is daardie selfde verantwoordelikheid wat ons ook in die kerk moet neem – elkeen persoonlik. Voor God se regterstoel is ek nie verantwoordelik vir jou nie, en jy net so min vir my. Ons kan nie ons kerklike moeites afskuif op die vorige generasie nie, ek kan nie my onbetrokkenheid in die kerk toeskryf aan my ouderling wat nie genoeg na my omgesien het nie, ek kan nie my sonde blameer op 'n ander lidmaat nie, ek kan my ongeloof en kleingeloof aan niemand anders toeskryf as aan myself nie. Wanneer dit kom by oor hoe ons voor God staan, is dit elkeen vir homself.

'n Kykie in God se hart

In hoofstuk 33:10 het Israel intussen gevorder in hul verantwoordelikheidsbesef. Daar hoor ons hoe hulle kla: "Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg – hoe kan ons dan lewe?" Maar net soos wat Esegiël in hoofstuk 18:5-18 moeite gedoen het om te wys dat die optrede van die een generasie nie die volgende generasie in 'n onverbreekbare ketting van gevolge opsluit nie, net so geld dit ook binne die lewe van elke individu. Dit is nie so dat in die individu se lewe alles onveranderlik vaslê nie – dít is wat die ballinge se spreekwoord oor die onryp druiwe gesuggereer het: die vaders het

groen druiwe geëet, die kinders se tande is noodwendig stomp; alles lê vas, daar is niks wat jy daaraan kan verander nie. Maar dit is nie waar nie; dit is nie wat die Here sê nie.

Vanaf hoofstuk 18:21 wys Esegiël naamlik dat 'n slegte en goddelose verlede nie noodwendig 'n slegte lewe nou, en die dood in die toekoms, hoef te beteken nie. Want as die goddelose hom bekeer van al sy sondes en God se insettinge onderhou, sal hy sekerlik lewe! (verse 21-22) Die keersy is ook waar: 'n regverdige verlede waarborg nog nie jou saligheid vandag of in die toekoms nie. Die persoon wat tot op hede regverdig geleef het, mag dalk besluit om af te wyk van sy geregtigheid, en indien hy dit doen, sal hy sterwe (vers 24). Die regverdige kan dus sterwe, maar belangriker nog in hierdie konteks vir die volk wat die duisternis van hulle eie sonde begin besef het, is die nuus: die goddelose kan lewe! Jy is nie 'n slaaf van voorafgaande generasies nie; net so min is jy 'n slaaf van jou eie verlede. En dit is geen humanistiese motiveringspraatjie nie; nee, dit is God se verlossingsboodskap vir sy volk in ballingskap.

Ons kry hier 'n asemrowende kykie in God se hart. Want die feit dat die goddelose kan lewe, die feit dat die goddelose se lot nie vasstaan nie, is slegs moontlik omdat God by herhaling vir sy volk sê: "Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer, en lewe" (Eseg 18:23 en 32, 30:11). Hier klop God se Vaderhart vir sondaars, vir die goddelose: "Waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?" Julle hoef nie! God wil dit nie hê nie. Dit is sy hartewens dat julle lewe! En dit is in daardie lig dat God die goddelose kan oproep: "Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge…" Dít is wat God plesier verskaf: berou en ware bekering – omkeer! – van die sondaar terug na God. Want dan wil God die grootste, goddelike gawe gee: LEWE! Lewe is God se gawe. Lewe is sy skepping. Lewe is sy begeerte. Lewe is sy plesier. Dáár waar ons persoonlik met ons ongeregtigheid voor God se aangesig geplaas word, moet ons saam met die volk tot die konklusie kom: hoe kan ons dan lewe? Maar dan sê God: kyk weer! Kyk mooi! Kyk hier in my hart! Ek wil nie hê dat jy moet sterwe nie, Ek wil hê jy moet lewe. Sien my hartklop in Jesus Christus, sien hoe lief Ek die wêreld gehad het dat Ek selfs my eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom oorgegee het in die dood, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê! As dít tot ons deurdring, laat ons onsself dan ook bekeer, laat ons omkeer, terug na God. En laat ons by Hom die lewe kry wat tot in ewigheid nooit vergaan nie!

Elke mens staan onder die druk van die persoonlike verantwoordelikheid voor God. Bekeer jou! Máár kyk dan ook nog verder. Kyk in God se hart. Die God wat die eis stel, is ook die God wat die antwoord gee. Dit is die God wat in die volheid van die tyd sy Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons verlos kan word en die aanneming tot kinders kan ontvang. Vlug na die arms van hierdie God wat jou persoonlik – by jou naam! – verantwoordelik hou, maar wat, nadat Hy jóú naam uitgeroep het, ook 'n ander Naam uitroep: Jesus Christus. Ek begeer nie die dood van die ***sondáár*** nie – en vul dan maar jou eie naam by daardie sondaar in. Ek begeer nie jou dood nie, maar Ek begeer dat jy jou bekeer en ***léwe***. En vul dan by 'lewe' die Naam van die Seun van God in. God gee Jesus Christus vir jou persoonlik. Glo in Hom.

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

KERKNUUS – Debat in Totiusdal (Pretoria)

Kerknuus uit Suid-Afrika

Die Gereformeerde Kerk Totiusdal het 'n uitnodiging gerig aan die Vrye Gereformeerde Kerke van Pretoria sowel as ander gemeentes van die GKSA vir 'n ligte aandete en 'n lesing oor die onderwerp van Skrifgesag. Die onderwerp van die lesing was: "Hoe lees en interpreteer ons die Bybel in die veranderende tye waarin ons leef?"
Op Vrydag 14 Oktober 2011 is die aand afgeskop met 'n warm musikale verwelkoming. Daarna is geopen met Skriflesing deur Morné Diedericks van Totiusdal. Die kinderkoor van die Laerskool Dirk Postma het ons daarna vergas op 'n paar geestelike en vrolike liedere.

Die seremoniemeester Dirk Hermann het almal verwelkom. By navraag het dit geblyk dat ten minste vyf GKSA-gemeentes en twee VGKSA-gemeentes verteenwoordig is.

Daarna is almal bedien met 'n keurig versierde kerrie-en-rysgereg sowel as versnaperinge wat deur lidmate van die Totiusdal-gemeente voorberei is.

Dirk Hermann het daarna die gehoor ingelig dat die aand se lesing die vorm van 'n debat sou aannneem. Dr Wikus Buys sou die rol speel van die oorlede Nederlandse teoloog HM Kuitert [1]. Hy het grappenderwys bygevoeg dat 'n mens nie moet dink hy is jou vyand as jy nie met hom saamstem nie, of dink dat jy 'n nuwe vriend ontdek het as jy wel met hom saamstem nie. Hy sou eenvoudig en met moeite die rol van 'n hedendaagse ketter vertolk, sodat ons vertroud kan raak met so 'n denkwyse. Ds Henk Stavast van Totiusdal het die rol van fasiliteerder van die debat waargeneem en ds Erik van Alten het die Skriftuurlike siening van Bybelgesag verteenwoordig. Hiermee is gepoog om die gevare van die hedendaagse Skrifkritiek, asook gelowiges se antwoord daarop, op 'n lewendige wyse oor te dra. Hieronder volg 'n verkorte weergawe van die gesprek.

HM Kuitert

Stelling 1 (aangevoer deur 'Kuitert'): ***Alles wat van bo kom, kom van onder af, al word daar ook gesê dat dit van bo kom: die Bybel is dus nie openbaring nie, maar die gevolg van menslike denke oor God.***

Die Skriftuurlike antwoord: Dit is baie belangrik om te besef dat bogenoemde stelling uitgaan van 'n bepaalde voorveronderstelling, nl. dat die Bybel nie die Woord van God is of kan wees nie. As gelowiges het ons ook 'n voorveronderstelling: ons voorveronderstelling is dat ons die Bybel aanvaar as openbaring van God, en dit is 'n voorveronderstelling wat gebaseer is op die Bybel self. Moenie as gelowige skaam wees om uit te kom vir jou voorveronderstelling nie.

Vanuit daardie voorveronderstelling lees ons die Skrif, en dan sien ons duidelik dat die Bybel God se selfopenbaring is: "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun…" (Hebr 1:1). God het gespreek! Dieselfde vind ons selfs nog sterker in 2 Petrus 1:21: "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." Indien dit nie die geval was nie, hoe kon die profete dan keer op keer hul profesieë inlui het met die bekende woorde: "só spreek die Here"?

As dít wat ons van bo sê inderdaad van onder af kom, dan moet ons ook ophou met sendingwerk. Want wie is ek om my denke-van-onder-af bindend op iemand anders te lê? Dan was ook Jesus se opdrag in Mattheüs 28:19 ("Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies, doop hulle… en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het") onvanpas en hoogmoedig… Maar omdat die waarheid van bo af kom, roep ons alle mense op tot geloof!

Terloops het ds Van Alten genoem dat hierdie stelling al baie oud is. 'Kuitert' het gereageer dat hy ook al meer as 'n dekade dood is.

Stelling 2 (aangevoer deur 'Kuitert'): ***Die Skrif is 'n samestelling van menslike ervarings oor God en 'n gedeelde ervaring met mekaar.***

Skriftuurlike antwoord: Indien dit waar is, dan sou die Skrif daarvan getuienis moes gegee het. Maar die Skrif doen dit juis nie! Die Skrif sê *nie* van haarself dat sy 'n bundel van menslike ervarings is nie, maar dat sy openbaring van God en sy Seun, Jesus Christus is. Respekteer daarom die selfgetuienis van die Skrif!

Trouens, hoe sou die Bybel ooit 'n bundel menslike ervarings kan wees? Want die Bybel sê self dat wat in haar beskryf word, nog nooit in die menslike hart opgekom nie. Só getuig Paulus in 1 Korintiërs 2:9: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet." Die inhoud van die Skrif kom nie van onder-af nie, maar van God af!

Indien die Skrif slegs 'n bundel van menslike ervarings is, hoe kan Petrus dan in 1 Petrus 1:10-12 sê dat die profete die inhoud van hulle eie profesieë moes naspeur? Indien die Skrif slegs menslike ervarings weerspieël, waarom moes die Here sekere

[1] HM Kuitert (gebore in 1924) is van oorsprong 'n gereformeerde teoloog, maar het met verloop van tyd 'n al hoe sterker verteenwoordiger van die moderne teologie geword; hy ontken die Goddelike gesag van die Skrif.

mense dan oorwin om van Hom te spreek (bv. Moses en Jona; sien ook Jer 20:9)? Daar is eenvoudig te veel argumente in die Skrif self wat ons daarvan behoort te oortuig dat ons hier te make het met meer as slegs mensewoord.

Uiteraard moet ons daarteen waak om die geloof 'n rasionalistiese teorie te maak. Die geloof bring ons inderdaad tot ervaring, tot belewenis. Maar hierdie ervaring word gewerk deur die Gees, in reaksie op die waarheid. Geloofsbelewing volg op die Woord, en nie andersom nie.

Na die debat was daar nog geleentheid gegee vir vrae. Verskeie kommentare is gegee en vrae gevra. Ds Van Alten moes die volgende vraag antwoord:
Wie/wat bepaal die gesag van die Skrif?
Agter die Bybel moet ons altyd die Drie-enige God sien – Hy bepaal die gesag van die Skrif. Die Woord van die Here bly tot in ewigheid (1 Petr 1:23-25), omdat God self ewig is. Skrifgesag word daarom bepaal deur die Here wat daarin spreek: "Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" (Amos 3:8) Uiteraard kan ons dit nie bewys nie – die Heilige Gees moet dit in ons werk, Hy lei ons in die waarheid (Joh 16:13). Hy laat ons daardie waarheid in geloof erken en daarvolgens lewe. Maar uiteindelik sal elke knie moet buig en sal elke tong moet bely dat Jesus Christus die Here is (Fil 2).

Hou ook nog in gedagte: as die gesag van die Skrif nie deur die Here bepaal word nie, maar eerder op menslike denke deur elke individuele leser vasgestel word, wie bepaal dan nog wat reg en verkeerd is? Hoe kan ons dan iemand veroordeel wat in Noorweë tientalle mense doodskiet? Hoe kan ons moord, verkragting en diefstal strafbaar stel? As die gesag van die Skrif 'n demokratiese reg van elke mens is, dan kan daar nie meer reg en verkeerd wees nie. Die ander kant is natuurlik net so ernstig: as dit inderdaad die Here is wat die gesag van die Skrif bepaal, dan vra dit gehoorsaamheid van elke mens.

Laastens ook 'n vraag aan 'Kuitert':
As wie God is, afhanklik is van menslike denke (en menslike denke verander), dan verander God ook soos wat die menslike denke verander. Dus die mens maak dan self wie God is, en dit is tog afgodery?
'Kuitert' het hierop gereageer deur te sê dat God 'n wordende God is wat sy eie waarde na vore bring net soos die mens sy eie waarde na vore bring. Presies hoe, weet hy nie, want hy is eerlik, die Bybel vertel ons nie alles nie.

Dit was opvallend dat die vraag of dit afgodery is, nie beantwoord is nie, maar dat net nog ander stellings gemaak word.

Gelukkig het 'Kuitert' hierna weer na die betroubare dr Wikus Buys verander. Selfs die vroue wat na die debat koffie bedien het en net stuk-stuk gehoor het, was weer gerusgestel.

Dankie aan die gemeente van Totiusdal vir die reëling van 'n voedsame en baie leersame aand.

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*
Dr Wikus Buys *is predikant in die Gereformeerde Kerk Innesdal in Pretoria en direkteur van AROS.*
Christine Hordijk *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

SATELLIETNAVIGASIE

Wetenskap & Tegnologie

GPS-ontvangers kom al hoe meer voor en raak al hoe meer bekostigbaar. Omtrent alle nuwe skootrekenaars, tabletrekenaars, selfone, motorvoertuie en trekkers kom standaard met een uit, terwyl die prys van draagbare GPS-ontvangers die afgelope tyd ontsettend gedaal het.

Hierdie hulpmiddel maak 'n mens weer bewus van die grootsheid van die skepping wat die maaksel is van God se hande. Hy het dit wonderlik mooi gemaak. Daar is 'n vasgestelde orde en bepaalde wetmatigheid wat ons net verbaas laat staan. Die mens ontdek dit en gebruik dit. So het God dit bedoel. Ons gebruik satellietnavigasie elke dag. Om ons werk te kan doen, vir die ouderling om huisbesoek te doen, maar ook veral vir ontspanning. Dit is Desembermaand. As God dit gee, mag ons die pad vat en ons mooi land en omgewing gaan verken.

Deesdae is GPS deel van die toerusting wat ons inpak voor ons ry. Wanneer jy dit weer gebruik, besef dan dat ook dit een van die vele wonders is wat God gemaak het: "Die hoë hemelrond vertel met blye mond Gods heerlikheid en eer, en, wonderlik deurglans, vermeld die wye trans die werke van die HEER (Ps 19)."

Die grootste toepassing van GPS is navigasie. 'n GPS-ontvanger gee 'n baie akkurate aanduiding van posisie en spoed op enige plek op die aarde (of in die lug), en word daarom in enige vervoermiddel gebruik.

Benewens die posisie en spoed, gee 'n GPS-ontvanger ook 'n baie akkurate tyd. Baie wetenskaplike instrumente maak gebruik van GPS-tyd om die data wat ingesamel word, akkuraat teenoor tyd te stoor en met ander instrumente te sinkroniseer. Selfs die internasionale handel en bankwese maak gebruik van GPS-tyd om alle transaksies 'n datum en tyd te gee – veral in vandag se wêreld waar pryse kontinu aangepas word en rekenaars outomaties transaksies regoor die hele wêreld teen 'n geweldige tempo genereer.

Verder begin sosiale netwerke ook om van GPS-inligting gebruik te maak. Jy kan bv. stel dat jou posisie outomaties op die netwerk beskikbaar gestel word, sodat al jou kontakte kan sien waar jy jouself bevind. Ook begin doelgerigte advertensies die inligting te gebruik, bv. as jy in Kaapstad is en jy soek vir restaurante, sal restaurante in die omgewing van Kaapstad hoër prioriteit as ander geniet.

GPS staan vir "Global Positioning System" en het die standaard term vir satellietnavigasie geword. GPS is die Amerikaanse standaard wat al in 1973 begin ontwikkel is, maar eers in 1994 volledig in gebruik geraak het. Dit is by verre die betroubaarste en akkuraatste stelsel tot op hede. Daar bestaan egter meer stelsels as GPS alleen. Van die ander lande wat ook satellietnavigasie-stelsels het (of besig is om dit te ontwikkel), is Rusland (GLONASS), China (Compass), Indië (IRNSS), Japan (QZSS) en die Europese Unie (Galileo).

Werking van 'n navigasiesatelliet

Die kern van 'n navigasiesatelliet is 'n baie akkurate klok. Die satelliet stuur kontinu seine uit wat die tyd, presiese posisie van die satelliet en ook inligting oor die posisie van ander satelliete insluit. Aangesien die sein teen die spoed van lig in die ruimte voortplant (daar is sekere vertragings in die aarde se atmosfeer), is dit moontlik om die afstand na die satelliet uit te werk deur die tyd te neem wat dit die sein gevat het om tot by die ontvanger uit te kom. 'n Nadeel is egter dat die spoed van voortplanting baie groot is, wat beteken dat 'n klein fout in die berekening van die tyd redelike groot foute in posisie is. 'n Fout van byvoorbeeld 'n mikrosekonde (0.000001 sekondes) gee 'n fout in posisie van ongeveer 300m. Om 'n akkurate posisie uit te werk, word daar dus 'n baie akkurate klok benodig.

Dit is interessant dat daar in die 1700's 'n groot deurbraak in navigasie gemaak is wat ook met tyd te doen het. Die destydse Engelse regering het 'n beloning van £20,000 aangebied (in vandag se terme meer as R30 miljoen) vir enigiemand wat die lengtegraad van 'n skip op see akkuraat tot op 30 seemyle kon vasstel ná 'n reis van Engeland na die Wes-Indiese Eilande.

John Harrison (1693 - 1776) het die probleem aangepak deur 'n akkurate klok te bou. Ten tye van die skip se vertrek word die klok se tyd met Londen se tyd gesinkroniseer. Wanneer die son op sy hoogste is op enige plek (m.a.w. 12:00 lokale tyd), sal die tyd wat die klok gee, 'n aanduiding wees van hoe ver jy van London af is. Bv. as die klok middernag wys terwyl die son op sy hoogste is, beteken dit jy is presies halfpad om die wêreld van Londen af, m.a.w. jou breedtegraad is 180°. Hoe beter die klok kan tydhou (d.w.s. nie van Londen se tyd afwyk nie), hoe beter die afskatting van die lengtegraad.

Om 'n akkurate klok te bou, was egter nie maklik nie. Om die akkuraatheid te kon bereik, moes sy klok nie meer as 3 sekondes per dag wen of verloor nie. Blootgestel aan rowwe storms, kontinue veranderings

in temperatuur en lugdruk, ens., moes Harrison van unieke metodes gebruik maak om hiervoor te kompenseer. Maar Harrison het dit reggekry en sodoende 'n belangrike hulpmiddel vir navigasie nagelaat, wat tot 1 sekonde per dag akkuraat was.

Aan boord van 'n navigasiesatelliet is atoomklokke. In beginsel word die frekwensie van fotone gemeet as elektrone wat van energievlak verander. As standaard word die Cesium-133 atoom gebruik. Hierdie klokke is besonder akkuraat – dié wat vir navigasiesatelliete gebruik word, is gewoonlilk akkuraat tot 50 nanosekondes per dag – dit is ongeveer 1 sekonde oor 50000 jaar.

Navigasiesatelliet-ontvanger

As 'n ontvanger van vier of meer satelliete se seine gebruik maak, is dit moontlik om die ontvanger se afstand ten opsigte van al die satelliete uit te werk, en aangesien die satelliete se posisie ten opsigte van die aarde ook uitgestuur word, kan die ontvanger se posisie op die aarde vasgestel word. As bonus word dus ook die tyd baie akkuraat verkry. Sekere ontvangers kan met slegs drie satelliete se seine werk, maar dan word daar van sekere aannames gebruik gemaak (bv. die ontvanger is op die oppervlak van die aarde), en die akkuraatheid neem af.

Om die oomblik is daar 31 GPS-satelliete in die ruimte. Die satelliete se konstellasies word só uitgewerk dat daar vanaf bykans elke posisie op die aarde altyd ten minste 6 satelliete sigbaar is. Gewoonlik is daar tot 9 satelliete beskikbaar, wat die stelsel meer akkuraat en betroubaar maak.

As 'n ontvanger meer as vier satelliete se seine ontvang, is daar in beginsel te veel inligting beskikbaar. Deur telkens vier verskillende seine te gebruik, gaan dit effens ander resultate gee. Daarom word al die inligting van die seine statisties verwerk om sodoende die fout te minimaliseer en dus die beste afskatting van posisie te gee.

Daar is egter ook 'n ander faktor – en dit is die konstellasie van die satelliete wat by die ontvanger uitkom. Vir die beste resultate soek jy satelliete vanuit alle rigtings. Wat egter kan gebeur, is dat iets die satelliete van 'n spesifieke rigting af blok, bv. 'n groot gebou, 'n hoë berg, of selfs jou motor se dak. Dit voorsaak dat die ontvanger slegs satelliete in 'n spesifieke rigting gebruik, wat 'n nadelige invloed op die akkuraatheid het. Vergelyk figuur 1 met figuur 2: in beide gevalle is daar twee satelliete, maar die ligging van die satelliete in figuur 1 gee kleiner oorvleuelings (beter akkuraatheid) as die ligging van die satelliete in figuur 2. Hierdie effek word "Dilution of Precision" (DOP) genoem, en gewoonlik sal die ontvanger ook hierdie inligting êrens vertoon ('n DOP-waarde van 1 beteken ideale konstellasie; hoe groter die syfer, hoe minder akkuraat raak die ontvanger).



Figuur 1: Twee satelliete met 'n gunstige konstellasie



Figuur 2: Twee satelliete met 'n minder gunstige konstellasie

Vir hoogte-afskatting het 'n mens ideaal gesproke dus satelliete bo én onder die ontvanger nodig. Dit is egter nie moontlik nie – vandaar dat die hoogte-afskatting normaalweg slegter as die lengte- en breedtegraad-afskatting is.

Afhanklikheid van satellietnavigasie

Aangesien satellietnavigasie al meer gebruik word, beteken dit egter ook dat ons al hoe meer afhanklik van die stelsel raak. Die probleem met GPS spesifiek is dat dit in die eerste plek vir die Amerikaanse weermag ontwikkel is. In tye van oorlog kan die Amerikaners besluit om die akkuraatheid geweldig af te bring, sodat hulle eie stelsel nie teen hulle gebruik

kan word nie, bv. om vyandige missiele na Amerikaanse bakens te stuur.

Hierdie is die grootste dryfveer vir ander lande om hul eie satellietnavigasie-stelsels op te rig. Die EU se Galileo-projek is uiteindelik in die proses om die eerste satelliet die ruimte in te stuur. Galileo is ontwerp om meer akkuraat as GPS te wees, maar dit alles kom teen 'n geweldige koste, geraam op €20 biljoen. En soos verwag, is die Amerikaners nie baie bly met ander stelsels wat teen hulle gebruik kan word en waaroor hulle geen beheer het nie.

Behalwe vir akkuraatheid wat afgebring kan word, is satellietnavigasie ook nog sensitief vir steurseine. Die beginsel is om op dieselfde frekwensie as die satelliete 'n sterker sein uit te stuur. Vergelyk dit met mense wat sag in 'n kamer sit en fluister. As iemand ewe skielik hard skreeu, sal jy nie die gefluister hoor nie. Net so doof die steursein die satelliete se seine uit, met die gevolg dat die ontvanger nie die nodige inligting van die satelliete ontvang nie, en dus ook nie die posisie kan bepaal nie.

Satellietnavigasie moet daarom slegs as 'n navigasiehulp gebruik word, en sou dit om watter rede ook al ophou werk, behoort op ander hulpmiddels teruggeval te word. Om hierdie rede het vliegtuie, behalwe satellietnavigasie, ook nog baie ander hulpmiddele, en daar word van vlieëniers verwag om sonder satellietnavigasie te kan regkom.

Net so behoort ons ook nie net op satellietnavigasie alleen staat te maak nie. Dit is 'n wonderlike hulpmiddel wat al hoe makliker en gereeld gebruik kan word, maar ons moet besef dat ook dit sy beperkings het. Ook dit is feilbaar en onderworpe aan die sonde.

Johan Bijker *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

EVANGELISASIE in ons DAAGLIKSE lewe (2)

Sending & Evangelisasie

In die eerste deel van die artikel mog ons kyk na verskillende aspekte van evangelisasie in ons daaglikse lewe. Ons mog sien hoe groot die vraag en aanbod vir die evangelie is, maar dat daar 'n groot tekort is aan verspreidingsnetwerke. Ons mog leer hoe God elkeen van ons gebruik in Sy verspreidingsnetwerk. Daar is kortliks gekyk na die roeping om die evangelie ook by die werk te versprei en hoe die evangelie in verskillende fases aan mense op 'n nie-opdringende manier versprei kan word. Uit die Bybel is daar ook vir ons gewys hoe om op te tree by die werk om sodoende die mense om jou meer ontvanklik vir die evangelie te maak. Graag wil ons in die tweede deel van die artikel verder ingaan op praktiese maniere hoe om met kollegas oor God se heilige Woord te praat.

Hou dit eenvoudig

Wanneer ons met mense oor die geloof begin praat, is ons gou geneig om in die dieper en meer komplekse deel van die evangelie te delf. Ons wil graag hê dat mense die fyner nuanses van die evangelie verstaan. Dit is mos wat ons interesseer. Maar onthou, jy is nie nou tussen jou mede-kerkgangers besig met Bybelstudie nie. Jy is nou by die werk. Geleenthede om oor die geloof te praat, is ten eerste beperk en ten tweede gaan jy in die meeste gevalle met 'n kollega praat wat nie noodwendig op dieselfde kennisvlak van die Bybel staan as jy nie. Daarom is dit belangrik om die gesprekke in die begin eenvoudig en kort te hou. Ons wil die mense nie binne die eerste dag oorweldig nie! En onthou, ons eerste doel is nie om die kollega by die kerk te kry nie, maar om die "kerk", d.w.s. die geloof, by die kollega (werk) te kry.

Wanneer ons met ons kollegas oor die geloof begin praat, is dit goed om dalk eers te begin vertel wat God in jou lewe doen/gedoen het. Op dié manier kan jy baie van God en sy Woord vertel sonder om die kollega onder druk te plaas. Van ons mag dalk nou redeneer en sê dat ons nie weet wat om te vertel nie, of dalk bang is dit klink "voor op die wa". Maar God belowe in sy Woord dat ons ons nie daaroor hoef te bekommer nie. Hy sal die woorde in jou mond lê. "*En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word. En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daaroor dink nie; maar*

wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees." (Mark 13:10-11). Orals waar ons is en ook wanneer ons besig is met sy Woord, is God met ons. 'n Ander voorbeeld is waar God aan Moses opdrag gee om met die volk te gaan praat, maar Moses is te bang. Hy is 'n man wat moeilik praat. God gee nogtans die opdrag om te gaan, maar Hy gee ook Sy ondersteuning vir Moses (Ex 4:10-12).

Ontwikkel belangstelling

In vandag se samelewing speel emosies (hoe ek voel) 'n groot rol. Dis belangrik vir die mense hoe ek en jy voel. Deur jou eie ervaring as kind van God en wat Hy in jou lewe doen, te deel, behoort jou kollegas beter aanklank by jou boodskap te vind. Dis 'n tipe gesprek wat vir hulle bekend is. Indien jy die kollega met 'n aantal feite bestook, gaan hy heel moontlik belangstelling verloor. Veral in die begin gaan hy eerder die idee kry dat jy hom wil beïndruk met feite, en hy kan dalk voel dat hy te min weet en dus nie kan saampraat nie. Christus het, toe Hy op aarde was, meestal die mense met behulp van verhale (gelykenisse) toegespreek!

Geloofsvlaggies

"Geloofsvlaggies". Wat is dit? Dit is 'n metode om jou kollegas se belangstelling te prikkel en ook vir hulle te wys dat jy 'n Christen is. 'n Vlag word gewoonlik gebruik om aan te dui vir wie of wat jy ondersteun. 'n Vlag word gehys en neergestryk, en die vlag het meestal 'n dieper betekenis of boodskap. 'n Geloofsvlaggie is 'n opmerking (gewoonlik nie meer as twee tot vier sinne nie) waar jy, tydens die verloop van 'n gesprek by die werk, kortliks op 'n gepaste en relevante manier iets van God of iets wat God in jou lewe gedoen het, met die ander deel. Byvoorbeeld: jou kollega se vrou was in 'n motorongeluk, maar het geen ernstige beserings opgedoen nie. Dit is dan 'n mooi geleentheid om 'n geloofsvlaggie op te steek deur te noem dat dit wonderlik is hoe God haar bewaar het. Daarna laat sak jy weer die geloofsvlaggie. Jy wil nie die geloof of God se werke by jou kollegas afdwing nie. Later deur die dag kan soortgelyke geleenthede weer voorkom, bv. daar kom 'n nuwe en groot kliënt by op die boeke, en dit help die besigheid drasties. Wanneer die mense daaroor praat, kan die geleentheid hom weer voordoen om 'n geloofsvlaggie te lig deur bv. te sê hoe wonderlik dit is dat God die besigheid op die manier seën. Deur die geloofsvlaggie-metode te gebruik, kan jy God op 'n nie-konfronterende manier by die gesprek inbring. Dis belangrik om te besef dat mense meestal nie daarop gaan reageer nie, en dit is ook nie die primêre doel van die geloofsvlaggie nie. Jy wil net getuig van God. Indien die mense wel daarop reageer, is dit 'n bonus en dan kan jy kortliks verder daarop ingaan. Verder is dit ook noodsaaklik om die geloofsvlaggies deel van die gesprek te maak. Dit gaan nie opbouend wees om 'n "random" opmerking oor God te maak indien dit nie in die gesprek inpas nie!

Op die stadium van die proses mag dit beter wees om nie te noem in watter kerkverband jy is nie. Daar mag 'n moontlikheid wees dat die persoon met wie jy oor die geloof praat, 'n negatiewe konnotasie het met die spesifieke kerkverband. Daarom sal dit beter wees om eerder jouself as kind van God voor te hou. Op die manier hou jy die gesprek meer neutraal en skakel jy moontlike negatiewe reaksies uit. Soos die verhouding tussen jou en die kollega t.o.v. geloofsgesprekke verbeter, kan jy later wel noem aan watter kerkverband jy behoort.

Wanneer jy 'n geloofsvlaggie lig om 'n rede te gee waarom jy sekere dinge nie of wel doen, moenie net sê dat jy dié of dat nie doen omdat jy 'n Christen is nie. Gebruik eerder die geleentheid om vir jou kollega te vertel hoekom jy so redeneer. Bring God dan in die middelpunt van die gesprek en vertel wat God in die verband leer.

Deel van geloofservaring

Van julle mag dalk nou 'n bietjie frons. Is dit wel gepas om jou geloofservaring met 'n kollega te deel? Is dit nie 'n bietjie te charismaties nie? Ons is mos grootgemaak om te vertel wat die Bybel ons leer. Maar onthou net: hier is ons nog in die kultiveringsfase van evangelisasie. Daarom moet ons onsself so aanpas by die situasie om dit toepaslik te maak vir die kollega. Die deel van geloofservaring is weer eens gedeeltelik gebaseer op emosie, wat bekend is by vandag se mense. Leer ons dit nie in 1 Korinthiërs 9:19–23 waar Paulus die volgende skryf: *"Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win.....vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakke te win; vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red. En ek doen dit ter wille van die evangelie..."*? Hier pas Paulus aan om die mense vir God te wen.

Wanneer jy jou geloofservaring deel, laat val die klem op dit wat God gedoen het. Op dié manier kom baie van God se eienskappe na vore sonder dat dit soos 'n lesing klink. Wys vir die persoon wat dit is om 'n kind van God te wees. Onthou dat die deel

van geloofservaring deel van die gesprek vorm en hou dit kort en kragtig. Jou geloofservaring wat jy met jou kollega deel, hoef nie 'n "wow" verhaal te wees nie. Hou dit eenvoudig, sodat die persoon nie daardeur oorrompel voel en dink dat so iets nooit met hom kan gebeur nie. Beheer die hoeveelheid inligting wat jy per geleentheid met jou kollega deel. Gee hom of haar kans om na te dink oor wat jy gesê het. Wees eerlik en eties. Wys op jou eie foute. Mense vind gouer aanklank indien hulle sien dat jy ook foute maak, maar dat dit jou nie verhoed om oor God en Sy Woord te praat nie. Bly fokus op wat God gedoen het, nie wat jy gedoen het nie. Die primêre doel is om vir die kollega van God te vertel en nie van jouself nie. Gebruik 'n woordeskat wat verstaanbaar is vir die kollega. Indien jy Bybelse terme gaan gebruik wat nie algemeen bekend is nie, mag jy dalk eerder die persoon deurmekaar maak.
Onthou, mense word aangetrek na God a.g.v. Sy GENADE, nie ons eie oorwinnings nie. En jy lig net die geloofsvlaggie. Dit hang van God af of die persoon verder belangstel.

Bou strategiese vennote

Hopelik het God jou werk tot nou toe geseën en begin die kollega belangstel in die geloof. Hy begin self vrae aan jou te stel oor die Bybel en die Christelike geloof. Geloofsgesprekke begin ontwikkel, by die werk maar dalk ook na-ure. Van hier af kan jy al hoe meer die feite van die geloof inbring. D.w.s. nie net meer emosionele gesprekke nie, maar jy kan ook vertel wat God alles vir ons in Sy Woord leer. En hierdie geleenthede moet met beide hande aangegryp word. Sodra jy daarmee begin, gaan jy gou agterkom dat dit ten eerste nie so moelik is nie, maar ook dat ons alreeds 'n groot skat van geloofskennis besit. En ons mag glo dat God die regte woorde in ons mond sal plaas (Mark 13:10-11). Maar ondanks dit mag daar gevalle wees waar jy nie 'n antwoord op 'n vraag het nie. En dit is geen skande nie. Jou kollega verwag nie van jou om 'n lopende Bybelse ensiklopedie te wees nie. In so 'n geval is daar twee opsies. Ten eerste kan jy sê dat jy nie die antwoord het nie, maar graag die antwoord wil gaan opsoek en dan die gesprek op 'n latere stadium verder voer. Dit gee jou die geleentheid om self meer te leer (wat baie belangrik is) en dit gee ook vir die kollega tyd om te gaan nadink. Ten tweede kan jy ander gelowige kollegas by die gesprek betrek. Ons het almal mekaar nodig. Ook in terme van evangelisasie by die werk. "*Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is".* (Rom 12: 4-6). Indien jy dit 'n solo projek wil maak, gaan jy gou sien dat dit maar moeilik gaan. En wat gebeur die dag indien jy dalk nie meer daar is nie? Dan moet daar ander mense wees wat die geloofsgesprekke verder voer en mekaar ondersteun. Dit laat my dink aan die volgende woorde: "Een vuurkooltjie wat alleen staan, brand gou uit en verdof, maar waar 'n klomp vuurkole bymekaar is, brand die vuur soveel beter en langer."

En hoe nou verder?

Ons almal het vir ons hele lewe op aarde God en ons naaste nodig om vas te staan en te groei in die geloof. En nie net op Sondae of op voorafbepaalde tye in die week nie. Daarom is dit belangrik om deel te wees van die kollega se se lewe na werk ook. Hiermee bedoel ek nie om nou ten minste drie keer per week saam te kuier nie, maar ondersteun die kollega in sy geloof, ook in sy privaat lewe. Moenie jouself onnodig isoleer na werk nie. Dit word mooi verwoord deur Lem Howard: *"Christian isolation is a bizarre attempt to cure the disease by quarantining the doctors. With no patients to treat, the effectiveness of the cure is a moot point."* Maar soos alles in die lewe, is balans 'n goeie ding. Sorg vir 'n balans tussen die tye wat jy saam met medegelowiges spandeer en dié saam met pre-Christene, aangesien jy self ook nog verder moet groei in die geloof.

Ter afsluiting

- Evangelisasie is 'n proses. Die reis van die geloof, bewerk deur die Heilige Gees in menseharte, neem klein kort stappies na Christus.
- Ons werk tydens evangelisasie is om te ontdek waar God alreeds in 'n persoon se lewe begin werk het, en onsself by God se werk te voeg. Nie om 'n gesprek af te dwing of om iemand te oorreed om 'n gebed te bid waarvoor hy of sy dalk nog nie gereed is nie.
- Om 'n persoon met geestelike invloed te wees, is elke Christen se roeping, nie net van 'n paar talentvolle persone nie.
- Meer as die binnekant van die kerkgebou of 'n afgeleë bestemming, is die werkplek die mees strategiese plek vir evangelisasie vir die meeste Christene.

Bron: **Going public with your faith** geskryf deur WC Peel & W Larrimore

Frans Hagg *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Die LOFSANG van MARIA

Kuns & Kultuur

In Latyn: Magnificat
(dink aan Engels: "magnify" = groot, groter maak)

Ja, dit is wat Maria met haar hele hart wil doen: God se Naam groot-maak. Maria was 'n gewone Jodinnetjie uit 'n plattelandse dorpie, Nasaret. Sy het waarskynlik met haar ouers daar gewoon. Nasaret was 'n veragtelike plek in die oë van die Jerusalemse Jode. Opregte geloof in God en sy beloftes was skaars in die land Israel. Boonop was daar die Romeinse oorheersing. Nieteenstaande die ongunstige omstandighede het Maria, as deel van haar gesin, in God se weë gewandel. Ook Josef, haar verloofde, het die Messias op die regte manier verwag. As nakomelinge van Dawid het hulle, saam met die ander gelowiges, op Hom gewag wat al God se beloftes sou vervul.

Was die Tora nie vol daarvan nie? Maria het die geskiedenis van haar volk geken. Sy weet van God se verbond met Abraham, Isak en Jakob. Sy weet hoe God as 't ware die eeue deur geworstel het met sy hardkoppige volk. Hoe Hy geseën het, maar ook met groot dreige-mente gekom het – totdat dit op die ballingskap uitgeloop het. Maar, onvoorstelbaar, God bly aan sy beloftes getrou. Hy gaan nou sy Woord gestand doen en 'n Man stuur om God met sy volk te versoen – sy eie geliefde Seun.

Die engel moes hierdie boodskap aan Maria bring. Watter groot, byna onbevatlike nuus was dit vir Maria. Dat sy die moeder van die Seun van die Allerhoogste sou mog wees! Sy het tyd nodig. Die engel help haar. Hy gee haar 'n teken. Hy vertel dat Elisabet, haar nig, al ses maande swanger is in haar ouderdom. Haastig soek Maria vir Elisabet op. Elisabet groet haar met 'n groot stem. Geïnspireer deur die Heilige Gees noem sy Maria "die moeder van my Here". Maria mag dit nou maar rustig glo: sy gaan die Salig-maker onder haar hart dra! Op hierdie oomblik gee die Heilige Gees dit ook in háár hart om haar lofsang uit te jubel. Magnificat!

Eerstens loof sy die magtige heilige God vir die groot dinge wat Hy aan haar gedoen het. Aan haar wat 'n nederige meisie is. Tweedens loof sy God oor sy groot dade in die geskiedenis van sy volk. Dit herinner aan die lied van Hanna. Sy sing oor eeue van seën en vloek, beloftes en bedreigings.

Tog het God sy verbond in stand gehou, ondanks alle afval. Hy maak sy Woord wat Hy tot Abraham gespreek het, waar. Die beloofde Messias gaan kom, ten goede vir alle nasies, en Maria mag Hom in haar skoot dra.

Lofsang van Maria

Ek wil die hoogste Heer
met blye roemtaal eer,
my Redder en Bewaker.
In nederige staat
wou Hy my nie verlaat,
my God en Saligmaker.

Van nou af sal hul roem:
hul sal my salig noem,
want God was my gedagtig;
sy wonderwoord aan my
het God bevestig, Hy
wat heilig is en magtig.

Barmhartigheid verleen
Hy deur geslagte heen
aan wie in Godsvrees lewe.
Sy arm, gedurigdeur,
tot kragdaad opgebeur,
is magtig, hoog verhewe.

Soos stoppels voor die wind
dryf Hy die mensekind,
met al sy trotse planne.
Sy arm, met sterkte omgord,
het van hul troon gestort
maghebbers en tiranne.

Wie klein is voor sy oog,
het God in eer verhoog,
wie honger is, versadig;
maar Hy't in onspoedsuur
die rykes weggestuur,
verleë en onversadig

Hy het sy bondsbestel
vervul aan Israel,
sy eewge heilsgedagte;
ontferming toegeseg
aan Abraham, sy kneg
tot verre nageslagte.

Daar op die plek by Elisabet getuig sy daarvan. Die jong meisie sing dit uit: "In nederige staat wou Hy my nie verlaat, my God en Saligmaker". Wonderlik dat ons elke Kersfees ook dié woorde op ons lippe mag neem.

Die woord *Magnificat* (sy maak groot) kom uit die Rooms-Katolieke liturgie. Dit word elke Sondag en feesdag by die aandmis gebid. Ons weet dat die Maria-verering verkeerdelik 'n belangrike plek inneem in die Roomse kerk. Die engel wat die boodskap aan Maria gebring het, het nie gesê dat sy vol van genade was nie, maar dat sy oneindige genade van God ontvang het. "Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen".

Ongeveer in 1723 het Johann Sebastian Bach 'n pragtige werk vir orkes, koor en soliste gekomponeer. Dit was bedoel om in die Thomas Kirche in Leipzig uitgevoer te word vir die eerste Kersfees wat hy daar meegemaak het. Die werk staan bekend as "Magnificat in D, Lukas 1:46-55 und Gloria Patri".

Pragtig om na te luister in die Kerstyd!

Truus Boon *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

NG KERK oor die RUBICON?

In Pers-pektief

NGK-sinodebesluit oor Belhar

Op 13 Oktober 2011 het die Nederduits Gereformeerde Kerk van SA (NGK) op sy Algemene Sinodesitting in Boksburg besluit om die Belharbelydenis deel van die NGK se belydenisgrondslag te maak. Hulle dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel. Hierdie is om 'n aantal redes 'n ingrypende besluit en dit is goed om aandag daaraan te gee. Party mense sê selfs dat die NGK hiermee "die Rubicon oorgesteek het" (vir die letterlike en figuurlike betekenis hiervan soek "Rubicon" op Google/Wikipedia).

NG-kerkhereniging

Die NGK is reeds vir jare in gesprek met die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suidelike Afrika om tot een kerkverband te kom. Daarby aanvaar die NGK dat 'n verdeling van die kerk in verskillende ras- of kultuurgroepe nie in ooreenstemming is met die Christelike beginsels nie. Die historiese uitmekaargaan van die NG-kerkfamilie om hierdie rede moet dus weer ongedaan gemaak word.

Die Belharbelydenis is in 1982 opgestel deur 'n sinodekommissie van die (destydse) NG Sendingkerk. In 1986 is die konsepbelydenis deur hulle as belydenisskrif aanvaar. Toe die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Evangelies Gereformeerde Kerk in Namibië in 1994 saamgesmelt het tot die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suidelike Afrika, het die nuut gevormde kerkverband die Belharbelydenis as een van sy amptelike geloofsdokumente aangeneem. Die Belharbelydenis handel oor eenheid, versoening en geregtigheid.

Die politieke en kerklike omstandighede waaronder die Belharbelydenis opgestel is, het veroorsaak dat daar sterk positiewe sowel as negatiewe emosies rondom hierdie belydenis ontstaan het. Dit was steeds een van die vereistes van die Verenigende Gereformeerde Kerk vir eenheid met die NGK dat ook hulle die Belharbelydenis as 'n amptelike geloofsdokument moet aanvaar. Dit het oor die jare 'n stremmende invloed uitgeoefen op die herenigingsproses tussen die lede van die familie van NG Kerke in Suid-Afrika en Namibië.

Die NGK se posisie oor die Belharbelydenis het oor die jare heelwat verander. Aanvanklik het die NGK die belydenis verwerp as politieke dokument of as standpunt van die bevrydingsteologie. Later het die NGK bevestig dat die inhoud van die belydenis waar is, mits verwysings in die belydenis na "die armes" beskou word as verwysings na individuele mense met min besittings en nie na 'n sekere groep mense of 'n

sekere etniese groep nie. Die NGK het dus nou die Belharbelydenis ook as hulle amptelike geloofsdokument goedgekeur en daarmee een van die laaste struikelblokke na kerkhereniging met die Verenigende Gereformeerde Kerk uit die pad gewerk.

Verdere Besinning

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die NGK se Familiekerke is, stel die NGK-sinode aan hulle gemeentes voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Maar hulle is bewus daarvan dat 'n groot deel van hul eie gemeentes en lidmate (nog) nie die Belharbelydenis as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Aanvaarding deur die sinode impliseer volgens hulle egter nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend ook as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.

Hulle het besluit dat dit baie belangrik is dat die Belharbelydenis deeglik deur die gemeentes bestudeer sal word en dat daar gesprek gevoer sal word, sodat "ons nie by die verlede stilstaan nie (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag". Die NGK verbind hulle om ook deur middel van 'n gesamentlike taakspan met die Verenigende Gereformeerde Kerk weer deeglik te besin oor hoe ons *saam in beide kerke* met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.

Nuwe NG-kerkverband

Die volgende formulering van die belydenisgrondslag vir 'n herenigde NG-kerk word deur die NGK-sinode aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG-kerke:

1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in
1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicéa en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene Christelike Kerk uitdruk, en
1.2 die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.
2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.
3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter ('n verklaring wat in 1986 opgestel is deur die Reformed Church in Africa, die ander aparte kerkverband van die NG-kerkfamilie – HM).

4. Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.

Die NGK-sinode beveel aan dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe enkele kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar en samevoeging van gemeentes.

Hiermee hoop hulle dat al die bestaande gemeentes van die verenigde kerkverband so behoue sal bly en dat almal dan saam gemeentes binne die nuwe kerkverband sal wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade funksioneer binne die gereformeerde aard in terme van hulle besluitnemingsbevoegdheid oor gemeentes.

Beoordeling 1

Hierdie is belangrike stappe na die hereniging van die NG-kerkfamilie, wat een is in hul amptelike leer, maar tot nou toe verdeel is op grond van ras en

kultuur. Noudat die denke vanuit apartheidstrukture vir die grootste deel geskiedenis is, is dit inderdaad tyd dat die verdeling van kerkverbande op grond van ras en kultuur tot 'n einde kom. Die Belharbelydenis kan nou ook meer onbevange gelees word. Ook die Gereformeerde Kerke (GKSA) is besig om hierdie pad te stap en alle kerke in hul kerkfamilie te verenig onder een enkele sinode en klassis-struktuur.

Dit beteken egter nie dat daar nie moeites en uitdagings in multi-kulturele kerkverbande sal voortbestaan nie. Daar bestaan aansienlike kultuurverskille tussen die verskillende kerke en gemeentes in die NG-kerkfamilie. Maar dit wil voorkom of die NGK wil wegbeweeg van hul hiërargiese strukture en meer nadruk wil plaas op die selfstandigheid van die gemeentes (binne die presbiteriale stelsel van kerkregering). Dit sou 'n mate van vryheid toelaat om op grond van eie kultuur binne die gemeente vorm te gee aan eie erediens en kerklike sake. Die groot verskille in sosiale omstandighede binne die NG-kerkfamilie sal voorlopig ongetwyfeld ook 'n rol bly speel in die onderlinge sosiale en finansiële verantwoordelikhede. Dit sal vir ander kerke van belang wees om die ontwikkelings binne 'n multi-kulturele NG-kerkverband in hierdie opsig te volg.

Huwelik en Saamwoon

Verdere belangrike besluite wat die sinode op 12 Oktober 2011 geneem het, gaan oor huwelik en saamwoon. Die Algemene Sinode van die NGK het hieroor o.a. die volgende oorweeg en besluit.

1. Die Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken, die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruike soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.

2. Die Sinode erken dat saamwoon-verhoudings (wat die seksuele insluit) vandag 'n werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.

3. Die Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekteer in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.

4. Die Sinode is nogtans daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat 'n Christelike huwelik is: 'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as 'n wettige huwelik.

5. Die Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.

6. Die Sinode wil mense wat in 'n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.

Pastorale Versorging en Opdragte

1. Die Sinode bevestig die plek en waarde van die Christelike huwelik in die kerk en die gemeenskap en motiveer leraars en lidmate om die duursaamheid daarvan te bevorder.

2. Die Sinode versoek leraars en lidmate om gesonde huwelike aktief te bevorder en moeite te doen met huweliksvoorbereiding en huweliksverryking, omdat die idee en praktyk van huwelike verskraal het.

3. Die Sinode versoek leraars om in pastorale hantering van pare-in-verhouding hulle met deernis te begelei van onvolledige verbintenisse na die omvattende, Bybelse verbintenis van die Christelike huwelik, en hierdie ideaal nooit af te water nie.

4. Ons verwys vir ondersoek na 'n kommissie die vraagstuk van die veranderende seksuele raamwerk en seksuele waardes van ons gemeenskappe.

5. Die Sinode versoek om ’n huwelikskursus te ontwikkel wat aan die jeug en ander vrywillig bedien word in die jaar na belydenisaflegging. Die oorsprong van huweliksprobleme word dan aangespreek en die simptome (soos saamwoon) word voorkom. Tans is die leiding vir die huwelik nie voldoende nie en word voorbeelde van ouers en die media slaafs nagevolg.

Beoordeling 2
Ons leef in ’n wêreld waarin huwelik en seks ontkoppel word. Seks word ’n vryblywende genotmiddel. Dit word aktief uitgedra deur die media, besonderlik vanuit die fliek- (“Hollywood”) en vermaak-industrie. Die Christelike huwelik kry die stempel van iets uit die ou verlede. Dit is goed dat daar vanuit die NGK, as ’n groot kerk in ons samelewing, duidelik standpunt ingeneem word oor die waarde van die Christelike huwelik en seksualiteit en dat predikante aangemoedig word om dringend aandag daaraan te bestee. Anders kan allerlei on-christelike vorms van seksualiteit en saamwoon voortwoeker, met die (vigs) gevolge daarvan.

Hierdie ontwikkelings gaan ook ons kerke nie verby nie. Ook ons en ons jongmense leef in hierdie wêreld met sy bewuste of onbewuste groepsdruk. Daarom is dit goed dat ook in ons kerke op pastorale en opvoedkundige vlak voortdurend aandag hieraan bestee word. Tot seën op persoonlike vlak, maar ook vir kerk en samelewing.

Hans Moes *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

REAKSIE op “Oorwinning deur die Heilige Gees”

Reaksie

Die redaksie wil graag verskoning aanbied omdat die reaksie so laat geplaas word. Die artikel het verskyn in die April 2011-uitgawe, waar Br Kryn Haak ‘n artikel bespreek waarin dr Hans Burger krities na die Heidelbergse Kategismus (HK) kyk. - Redaksie

Ek wil reageer op die tendensieuse stelling dat ons kategese deur die tradisie van die reformasie gekleur sou wees. Die klag is dat die kategismusstruktuur baie aandag vra vir die driedeling: ellende, verlossing en dankbaarheid, maar dat daar min aandag is vir ‘n eie bewuste geloofskeuse by jongmense.

Ek haal aan: “*Dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het, sal niemand sommer maklik vergeet nie. Dat ons ook vandag ‘n verhouding met Hom het en eers binne daardie verhouding regverdiging, heiliging, gawe van die Gees en ‘n nuwe lewe ontvang, ensovoorts, dit vergeet ons sommer gou.*

Daardie gemeenskap met Christus sou egter deur noukeurige lees in die kategismus teruggevind kon word, maar sou nie deel van die struktuur wees nie!” Die slotsom is dan: “*Daar was min aandag vir ‘n eie bewuste geloofskeuse by jongmense.*”

Hierdie gemeenskap met Christus moet ons nie deur kennis van ellende, verlossing, en dankbaarheid verwerf nie, maar as eiendom van Christus is daardie gemeenskap ons deel. Want die vraag is: wat ons moet weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe. Salig beteken in die Skrif ‘heel’ of ‘gaaf’, dit is: dat ons leer om weer soos Adam voor die sondeval in gemeenskap met God te lewe! Dit is geen dorre struktuur van leer nie, maar om die pad te loop waarlangs die gemeenskap met God gaan groei en blom.

Sondag 1 is ‘n kort opsomming van die Kategismus inhoud. Daar word begin met verlossing uit die ellende van die heerkappy van die duiwel en gewilligheid om voortaan in dankbaarheid te lewe. Die verhouding met Christus dwing direk vorentoe uit: Ek is in lewe en sterwe eiendom van Christus wat my met sy bloed gekoop het! En Hy verseker my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe. Wat ‘n heerlike verhouding word hier al duidelik en oop bely!

Dit sal te veel ruimte vra om verder uit die Kategismus aan te toon dat amper elke Sondag in die gees van Sondag 1 bely word, naamlik: dat Christus ‘n verhouding met ons het en dat ons as lede van een liggaam deur ‘n ware geloof met Hom gemeenskap het.

Die opstellers van die Kategismus het self geen struktuur ontwerp nie, maar dit in die Skrif, in Rom 1–15, gevind. Paulus het daarin die struktuur gevolg

wat die HERE steeds by verbondsvernuwing volg. Hy sien die ellende van sy volk in Egipte aan (Ex 4:31) en verlos hulle om hulle in die Sinai-woestyn die dankbaarheidslewe te leer. Die Here begin dit dan ook vanuit die bestaande verhouding: "Ek is die HERE jou God" (Ex 20:2). Die Kategismus het die wet in die deel van die dankbaarheid opgeneem. Soos die HERE Hom ook al in die Sinai-woestyn as ons God wat verlos, geopenbaar het!

Vreemd is die bewering dat ons eers 'n verhouding met Christus moet hê voordat ons aan Hom deel het, as gesê word: "*Dat ons ook vandag 'n verhouding met Hom het en eers binne die verhouding regverdiging, heiliging, gawe van die Gees en 'n nuwe lewe ontvang.*"

Dit wek die indruk dat 'n mens self die verhouding moet bewerk. Maar Johannes 1:12 – 13 leer dat "*aan almal mag gegee word om kinders van God te word wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.*" 'n Mens moet eers uit God gebore wees. 'n Geboorte wat die Heilige Gees in hom werk voordat mag gegee word om kinders van God te word. As die eie bewuste geloofskeuse dan net van die jongmense self moet kom, sal hulle altyd verkeerd kies.

Die laaste paragraaf onder die opskrif: "Dit gaan nie alleen om die leer nie, maar om te 'leer onderhou wat Christus beveel het'" bevestig dit; ek haal aan: "*Ja, God is oneindig groter as ons denkraamwerk* – "

Soos dit na vore kom in die volgende vraag: "*Kan daar dalk in die uitvoering van die opdrag om ons kinders te onderrig, te veel nadruk op die wet van God geplaas word en te min op Christus se eie opdrag, moontlik as gevolg van die struktuur van die Heidelbergse Kategismus (vr en antw 91)*". Maar Christus sê in Johannes 7:16 "*My leer is nie myne nie, maar van Hom wat my gestuur het*". Is daar dan tog onderskeid tussen die wet van God en Christus se eie opdrag moontlik?

Die HK opstellers het die struktuur uit die Skrif gehaal

Nie die Kategismus skiet te kort nie, maar die kategete moet die jongmense leer dat God deur geboorte binne die kerk reeds vir hulle gekies het. Hierdie jongmense moet daardie bestaande liefdesverhouding met Christus in geloof aanvaar. En by verwerping weet dat die Here hulle met verbondstrawwe tot in die derde en vierde geslag sal besoek. Wanneer aan daardie liefdestug geen gehoor gegee word nie, gee God hulle oor aan die begeertes van hulle hart! Psalm 81:12 en 13

Br RF van den Berg

Repliek

Kom ek skryf dit toe aan my gebrekkige skryfstyl as 'n artikel nie oorkom by sekere lesers wat soos dit die bedoeling was nie. In hierdie skrywe wil ek nie direk ingaan op die reaksie van die artikel nie; ek dink in elk geval dat ons nie veel van mekaar verskil nie, maar wel dat ons verskillende aksente lê. In die skryf van die artikel het ek gepoog om die volgende onder woorde te bring. Laat my toe om dit puntsgewys te doen, miskien is dit minder verwarrend.

1. Dit is belangrik om te besef dat die kennis wat jy opgedoen het, in so 'n mate deur 'n struktuur georden is toe daardie kennis aan jou oorgedra is. En dit het 'n invloed op hoe maklik jy dit onthou, maar ook hoe jy dit onthou.

2. Dit wil sê dat dit ook blywende gevolge het en dit speel dan ook 'n groot rol in iemand se spiritualiteit. Die realiteit is dat, as gevolg van die Reformasie, die opstellers van die HK baie nadruk lê op die vraagstukke van daardie tyd. En sodoende bepaalde aksente geplaas het, maar terselfdertyd het sekere aksente nie genoeg aandag gekry nie.

3. Dit sou selfs moontlik kon wees dat die struktuur van die HK so 'n integrale deel van ons geloofslewe uitmaak dat dit allesbeheersend kan wees, ja, dat selfs elke preek gemeet/ beoordeel word deur die ellende, verlossing en dankbaarheid-indeling. Dit is belangrik om voor oë te hou dat 'n vertroude struktuur kan veroorsaak dat jy jouself heel krities opstel teenoor enige nuwe insigte/ontwikkelings.

4. Die kategese het wel in die tradisie van die Reformasie gestaan, nl dat daar toe sterk gekonsentreer is (ek dink heeltemaal tereg)

op die oordra van die leer. En dan kan ek my waardering uitspreek dat daar nou naas die HK ook ruimte gegee word aan ander strukture soos vervat in "Ek glo" en "follow up", wat meer aandag gee aan die aspek om jongmense te bring tot 'n eie bewuste geloofskeuse. Dit gaan mos daaroor om mense by Christus te laat uitkom. Die Heer en verlosser van ons lewe. En dit het onder andere ook meer oog vir die vraagstukke van vandag.

Voorbeeld: Tien gebooie

Kom ek maak dit heel konkreet met 'n gedeelte van 'n artikel wat handel oor die Dekaloog in die erediens.

Die manier waarop in Sondag 33 (vr en antw 91) van die HK verwys word na die ken van die wil van God, het verkeerdelik die indruk begin skep dat die wil van God NET en PRIMÊR uit die Dekaloog geken word. Die stel van die Woord van die Here teenoor die Roomse tradisies in die teologie van Calvyn en die Kategismus, het by ons gegroei tot iets eksklusiefs. Dit het die indruk begin skep asof NET die Dekaloog in die ontdekking van God se wil gebruik kan word en die primêre fokus op Christus wat die "bedoeling / einde" van die hele Wet is, het verlore geraak. Terwyl ons natuurlik van die Dekaloog gebruik kan / moet maak om die wil van Christus te ken, het ons, deur die manier waarop dit in die erediens funksioneer, die indruk begin skep dat dit die EKSKLUSIEWE en selfs EERSTE/BELANGRIKSTE manier is om die wil van God te kan ken.

Die effek is dat die PRIMÊRE fokus op die lewende Christus wat in die hele erediens en in ons hele lewe na ons toe kom, verlore raak, of minimaal in die skaduwee van die Dekaloog gaan staan. Wat behoort dan die primêre fokus te wees? Volgens Romeine 12:1-2 is dit 'n totale oorgawe van jouself aan Christus. Dit is eers en slegs binne hierdie selfoorgawe / offer van jouself dat die Dekaloog OOK 'n plek kan kry.

Maar ons sal moet leer om ons erediens so in te vul dat die selfoorgawe sterker as enigiets anders in fokus moet kom.

Hier mag ons by Calvyn leer, wat in soveel woorde skryf dat die selfoorgawe aan Christus meer fundamenteel is as enigiets anders om die karakter van ons lewe te bepaal (vgl. Institusie III, 7, 1). Ook ander briewe van Paulus laat sien dat God se wil nie sonder meer vanuit die Dekaloog geken word nie, maar ontdek moet word (vgl. Fil 1:9-11, Kol 1:9-11). As Christene sal ons verseker dankbaar gebruik maak van die Dekaloog om die goeie van God se wil te ontdek, terwyl ons eerste fokus altyd sal wees op die "volkome/volmaakte" wil van God wat sy openbaring in Christus self aan ons gee. (Lees ook Hand 15:28/1 Kor 2:16/Ef 5:17/Hebr 5:14/2 Petr 1:5-8).

Met die skrywe word daar nie 'n onderskeid gemaak tussen die Wet van God en Christus se eie opdrag nie. In Christus kry ons nie iets anders nie, maar wel meer.

Daar is meer in die Woord van die Here as ons strukture en denkpatrone

Drie voet notas of regstellings

Die broeder skryf in sy reaksie: "Vreemd is die bewering dat ons eers 'n verhouding met Christus moet hê voordat ons aan Hom deel het, as gesê word: "Dat ons ook vandag 'n verhouding met Hom het en eers binne daardie verhouding regverdiging, heiliging, gawe van die Gees en 'n nuwe lewe ontvang."

Dit wek die indruk dat 'n mens self die verhouding moet bewerk".

Die kerk se leer dat die geloof 'n gawe van die Here is, deur die krag van sy Gees, dit word in sy algemeenheid onder ons nie ondergewaardeer nie; dieselfde kan nie gesê word van die aangehaalde gedeelte nie, of heel kortliks gesê: "in die gemeenskap met Christus"

"Nie die Kategismus skiet tekort nie, maar die kategete moet die jongmense leer dat God deur geboorte binne die kerk reeds vir hulle gekies het".

Die skrywer sou meer korrek hierdie gedeelte so kon weergegee het: "...dat God deur geboorte binne die kerk en in die besonder met die ontvang van die seël van die verbond vir hulle gekies het."

Die slotsom is dan: "Dat daar min aandag was vir 'n eie bewuste geloofskeuse by jongmense"

Die slotsom vind ons in die laaste paragraaf van die artikel, nl: Daar is meer in die Woord van die Here as ons strukture en denkpatrone. Dit is groter, dieper, fasinerender as wat ons oog kan sien, en waarvan Hy ons wil gee. Is ons nog soekende na daardie "meer", of is ons net gefokus op die behoud?

U broeder in Christus
Krijn Haak

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van *KOMPAS:*

12 Januarie 2012

ADVERTENSIES

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge. Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:

www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

PIERRE★LOTTI™

★ UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE

BESTEL DIREK VIR GENOT
TUIS OF OP KANTOOR
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA

08600-COFFEE

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Gesin & Opvoeding:
Marietjie Breytenbach
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:
19de Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R60
RSA per hand : R120
RSA per pos : R160
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

http://kompas.vgk.org.za/

Pretoria
Oktober 2011

Huis Amandelboom Prediker 12

Fratesweg, Pretoria

Ons wil Huis Amandelboom aan u voorstel.

Dit is 'n huis vir bejaardes, wat opgerig is in die ou pastorie van die Vrye Gereformeerde Kerk te Fratesweg.
Daar is 7 kamers, waarvan 2 rolstoel-vriendelike kamers is, en 1 dubbelkamer en 4 enkelslaapkamers.
Elke kamer het sy eie en suite-badkamer.
Etes word voorsien, asook skoonmaak van kamers en die was van wasgoed.

Daar is nog 3 eenpersoon-kamers beskikbaar.
As u belangstel of net meer van die Huis wil weet, kontak:

Annie Roose by: 012 330 6406 of 084 503 8194
Tineke Kerkhoff by: 012 331 0509 of 082 701 8162